**Saterdag 5 November**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 10:12-22**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 10:12**

## Onthou!

Byna die hele Deuteronomium is preke van Moses, waar hy met die volk praat net voordat hulle die land Kanaän binnetrek. Hulle staan op die rand van die beloofde land. Voor hulle lê die land van melk en heuning – die land wat die Here aan hulle beloof het.

In hierdie land woon egter vreemde mense met hulle eie gode. Dit gaan vir die Israeliete se geloof in die Here ’n groot toets wees. Die mense van Kanaän is mense wat die knie voor afgode buig, wat hulle met toordery en waarsêery ophou.

As deel van die gesprek wat al by Deuteronomium 6 begin het, herinner Moses die volk nou: “Israeliete, voordat julle in Kanaän kan intrek, moet julle onthou: ‘Die *Here* is ons God, Hy is die enigste Here’” (Deut. 6:4). Dan sê hy verder: Nou is dit al 40 jaar wat Hy in die woestyn vir ons gesorg het.

Onthou julle? Wie is dit wat vir Egipte met die plae getref het, wat ons uit Egipte verlos het? Wie het vir 40 jaar in die woestyn vir ons manna en kwartels gegee om te eet? Wie het elke keer vir ons water voorsien?

Onthou, dis die Here. Onthou, so het God vir ons gesorg deur sy Seun na die aarde te stuur. Dis Hy wat ons met die enigste ware God versoen het. Moses maak dan hierdie gevolgtrekking wat in Christus sy volle betekenis kry: “En nou, Israel, die Here jou God vra net dat jy Hom moet eer, sy wil moet gehoorsaam, Hom moet liefhê en dien met hart en siel” (vs 12).

So wys ons ons dankbaarheid!

*Sing: Psalm 107:1, 10 (1936)*

*Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)*